**Die verstommende genade en trou van die Here (OP152)**

**Gen 20:1-18**

**29 Oktober 2023**

Laasweek het ons stilgestaan by Gen 19 waar die Here Sy oordeel oor Sodom voltrek het deur die stad te verwoes met swael en vuur uit die hemel as gevolg van die boosheid in die stad. Maar terselfdertyd het die Here Hom egter ook ontferm oor Lot wat in Sodom gewoon het. Die Here het 'n lang pad met Lot geloop voor Gen 19: Lot het lank blootstelling gehad aan Abraham in die jare wat hy saam met hom geleef het, en hy het ook toenemend blootstelling gehad aan die onsedelikheid van Sodom, soos wat hy in 'n al intiemer verhouding met die stad geleef het. Gedurende die besoek van die engele wat by Lot aan huis was, het die Here hom direk geroep om uit Sodom te kom, en toe hy nog huiwer, het die Here hom as't ware uit die stad gesleep. Hierdie redding van Lot is natuurlik vooraf gegaan deur Abraham wat kort voor die oordeel vir die regverdiges in die stad ingetree het by die Here. Na Lot se redding, begin 'n moeisame pad van heiligmaking vir Lot: hy moet leer om gehoorsaam te wees aan die opdragte van die Here, hy moet al sy besittings prysgee, sy vrou het verander in 'n soutpilaar en boonop tree sy dogters op 'n twyfelagtige manier op. Maar, ons het in 2 Pet 2 gelees dat Lot 'n regverdige was – hy was dus deur die Here gered en geregverdig. Alhoewel die detail van die pad wat gelowiges loop van mekaar verskil en hulle op verskillende maniere deur die Here voorberei word vir hulle roeping, word hulle almal deur die Here geroep, Sy roeping is effektief, en hulle moet almal daarna 'n pad van heiligmaking loop.

Vandag wil ek Gen 20 oordink. In hierdie hoofstuk lees ons hoedat Sara deur Abimeleg as vrou geneem is. As jy deur die hoofstuk lees, is jou eerste reaksie: Maar ons was al hier – in Gen 12 het soortgelyke gebeure afgespeel toe die Egiptiese farao Sara as vrou geneem het. Aan die een kant maak dit jou moedeloos, want oënskynlik het Abraham nie veel geleer in die stuk of 20-24 jaar sedert Gen 12 nie, en aan die ander kant wonder jy hoekom die Here weer soortgelyke gebeure vir ons laat opteken het. Ek moet erken, ek het aanvanklik gedink om redelik vinnig oor hierdie gebeure te beweeg, sodat ons by Gen 21 kan uit kom waar daar groot vordering is in die openbaringsgeskiedenis as Isak uiteindelik gebore word. Maar, hoe meer jy besin oor die inhoud van Gen 20, hoe meer staan jy verbaas oor die Here en Sy werk. Ons gaan na hierdie hoofstuk kyk, onder die volgende punte: (1) Die historiese gebeure in Gen 20, (2) Ooreenkomste en verskille tussen die gebeure in Gen 12 en Gen 20, en (3) Die werk van die Here met Abimeleg, Sara en Abraham.

<u>Die historiese gebeure in Gen 20</u>

In Gen 20:1 lees ons dat Abraham na die Negev getrek het en tussen Kader en Sur gaan woon het. Die Negev lê natuurlik suid van die beloofde land. Gedurende die tyd het Abraham op 'n stadium in Gerar gaan woon. Gerar was geleë tussen Berseba en Gaza – in die streek van die Filistyne. Abimeleg was die koning van Gerar. In vers 2 lees ons dat Abraham, soos destyds in Egipte, gesê het Sara was sy suster. Ons weet uit vers 12 dat Sara inderdaad Abraham se halfsuster was – hulle het dieselfde pa gehad, maar nie dieselfde ma nie. Maar dit blyk nie dat Abraham gesê het sy is sy halfsuster en ook sy vrou nie – hy het net gesê sy is sy vrou, wat die ware situasie verdoesel het. Abraham was dus nie eerlik nie. Gevolglik het Abimeleg vir Sara laat haal om haar as vrou te neem.

In vers 3 word Abimeleg egter deur die Here gekonfronteer. Die Here maak dit in 'n droom aan hom bekend dat hy gaan sterf, want hy het 'n getroude vrou geneem. Abimeleg verontskuldig homself egter. Nie net het hy nog nie naby haar gekom nie (m.a.w. hy het nog nie gemeenskap met haar gehad nie), maar hy voel ook hy is onskuldig want beide Abraham en Sara het gesê sy is sy suster. Abimeleg voel dus hy het met 'n eerlike hart en rein hande opgetree (verse 4-5). Waltke redeneer

dat die aanspreekvorm “My Heer” wat Abimeleg gebruik het, nie meer is as ‘n eerbiedige aanspreekvorm nie – hy bedoel dit nie as ‘n formele naam van die Here nie.

In verse 6-7 reageer die Here op Abimeleg se verontskuldiging – die Here stem saam dat Abimeleg dit met eerlikheid gedoen het. Trouens, dit was die Here wat Abimeleg van sonde bewaar het, sodat hy nog nie Sara aangeraak het nie. Maar nou verwag die Here dat Abimeleg vir Sara sal teruggee aan Abraham – want anders sal hy en sy mense sterf. Boonop moet Abraham vir Abimeleg bid. Die volgende oggend het Abimeleg dit alles aan sy dienaars vertel – en die gevolg was dat hulle ook bang geword het (vers 8).

In verse 9-10 konfronteer Abimeleg vir Abraham: Hy wil van Abraham weet wat hy verkeerd gedoen het dat Abraham so teenoor hom opgetree het. Verder wil hy ook weet wat was nou eintlik Abraham se plan met dit alles. Hy neem Abraham kwalik, want Abraham se optrede het tot gevolg gehad dinge wat nie moes gebeur het nie, het nou wel gebeur. Abraham voer drie redes aan vir sy optrede in verse 11-13: (1) Hy het nie verwag dat daar enige ontsag vir die Here was in Gerar nie, en het daarom verwag om doodgemaak te word oor Sara, (2) Sara is in elk geval nie net sy vrou nie, sy is ook sy halfsuster, en (3) sedert hy deur die Here geroep is om te trek na die beloofde land was dit al sy strategie om voor te gee Sara is sy suster en om sodoende nie sy lewe in gevaar te stel nie. Ons sal netnou besin oor die geldigheid van hierdie argumente van Abraham.

Verse 14-16 beskryf vir ons Abimeleg se reaksie. Ons kan vier reaksies onderskei: (1) Hy het Sara teruggegee aan Abraham, (2) hy het vir Abraham kleinvee, beeste, slawe en slavinne gegee, (3) hy het aan Abraham blyplek gegee in sy land – Abraham kon selfs kies waar hy wou woon, en (4) hy het 1000 silwerstukke aan Abraham gegee – maar die bedoeling daarmee was dat dit ‘n teken moes wees van Sara se eerbaarheid, m.a.w. Abimeleg wou daardeur juis onderstreep dat hy oortuig is Sara was in die hele proses onskuldig, selfs eerbaar. Let daarop dat 1000 silwerstukke ‘n reuse bedrag is – Waltke sê dit sou ‘n tipiese arbeider 167 jaar geneem het om dit te verdien.

Die hoofstuk sluit af met Abraham wat vir Abimeleg tot die Here gebid het – en die Here het Abraham se gebed verhoor: Abimeleg is genees, en boonop kon sy vrou en slavinne weer kinders kry. Sien jy dit? Terwyl die onvrugbare Sara in Abimeleg se huishouding was, was daardie vrouens ook onvrugbaar, en toe Sara teruggaan, word hulle weer vrugbaar.

<u>Ooreenkomste en verskille tussen die gebeure in Gen 12 en Gen 20</u>

Kom ons vergelyk die gebeure in Gen 12 toe die farao Sara as vrou geneem het, met die gebeure hier in Gen 20 toe Abimeleg dieselfde gedoen het. Ek wys eers die ooreenkomste uit:

- In beide gevalle het Abraham gesê dat Sara sy suster is, uit vrees vir sy lewe.
- In beide gevalle is Sara as vrou geneem deur die koning van die spesifieke gebied.
- Net soos wat die Here die farao in Gen 12 gekonfronteer het, het Hy hier in Gen 20 vir Abimeleg gekonfronteer.
- In beide gevalle is die koning en sy huis deur die Here getref – in Gen 12 is die farao se huis met plae getref, hier in Gen 20 is Abimeleg blykbaar getref met ‘n siekte, en sy vrou en slavinne het almal onvrugbaar geword.
- In beide gevalle ontvang Abraham geskenke van die koning.
- In beide gevalle konfronteer die Here vir Abraham deur die koning.
- In beide gevalle word Sara aan Abraham teruggegee as vrou.

Maar daar is ook opmerklike verskille tussen die gebeure in Gen 12 en hier in Gen 20:

- In Gen 12 het die gebeure plaasgevind relatief kort nadat die Here Abraham geroep en hy in die beloofde land aangekom het. Die Gen 20 gebeure vind plaas nadat die Here oor baie jare met Abraham gewerk het. Die Here het Sy beloftes aan Abraham herhaaldelik bevestig en verduidelik hoe verreikend die beloftes is. Boonop het die Here met Abraham Sy verbond gesluit, en redelik onlangs het die Here juis aan hom beloof dat Sara oor 'n jaar 'n seun sal hê – en tog is Abraham bereid dat Sara deur Abimeleg as vrou geneem word. En by dit alles, het die Here aan Abraham die geleentheid gegee in Gen 18 om die regverdigheid van Sy oordeel te ondersoek. Maar desnieteenstaande vrees Abraham vir sy lewe as die koning sy vrou sou sien.
- In Gen 12 het die farao aan Abraham 'n geskenk gegee, waarskynlik as 'n bruidskat. Hy het dit aan Abraham gegee voor hy geweet het Sara is Abraham se vrou. In Gen 20 gee Abimeleg ook 'n geskenk, maar hy gee dit na hy uitgevind het Sara is Abraham se vrou. Hy gee dit om versoening te doen vir sy verkeerde optrede, en dit is veral teenoor Sara wat hy seker wil maak dat sy nie as die skuldige gesien moet word nie.
- In Gen 12 stuur die farao na die gebeure Abraham terstond uit die land uit. Abimeleg laat Abraham egter toe om in die land te bly, hy kon selfs kies waar hy wil woon.
- In Gen 12 is daar geen aanduiding dat Abraham vir die farao gebid het nie, maar hier in Gen 20 wel, en die Here verhoor Abraham se gebed en bring herstel vir Abimeleg.

As gevolg van die verskille, kan ons verwag om meer te leer uit die gebeure in Gen 20 wat nie noodwendig in Gen 12 duidelik was nie. Kom ons kyk daarna.

<u>Die werk van die Here met Abimeleg, Sara en Abraham</u>

Kom ons besin oor die werk van die Here in hierdie gedeelte. Ek wil dit oordink deur eers te kyk na die werk van die Here met Abimeleg, daarna met Sara, en laastens met Abraham.

**Die werk van die Here met Abimeleg:** Ek dink ons moet verstaan dat Abimeleg nie 'n gelowige was nie. Soos ons gesien het, spreek hy die Here in vers 4 aan as "My Heer", maar dit is bloot 'n algemene aanspreekvorm wat eerbiedig gebruik word. Verder lees ons ook in vers 17 dat hy reeds 'n vrou gehad het, en tog bereid was om Sara ook as vrou te neem – wat duidelik in stryd is met wat die Here met die skeppingsgebeure geleer het oor die huwelik tussen 'n man en sy vrou. Hierdie gedrag hoort nie by 'n gelowige nie. En tog is dit waar dat Abimeleg 'n bewustheid gehad het dat sekere dinge in beginsel reg is, en ander verkeerd. Ons sien dit byvoorbeeld in die feit dat hy seker gemaak het by beide Abraham en Sara dat hulle broer en suster is, voor hy Sara as vrou geneem het. Hy het ten minste geweet hy mag nie 'n ander man se vrou neem nie. Ons sien dit in vers 9 as hy Abraham aanspreek, en sê Abraham se optrede het tot gevolg gehad dat dinge wat nie moes gebeur nie, bedoelende verkeerde dinge, nou gebeur het. Ons sien dit uit sy optrede as hy Sara teruggee en aan Abraham geskenke gee om daardeur te vergoed vir sy verkeerde optrede – al het hy dit onwetend gedoen. Ons sien dit ook veral in sy besorgdheid oor Sara, as hy daardie reuse bedrag geld betaal om aan te dui hy is oortuig Sara is onskuldig. Al met al moet ons sê Abimeleg tree op 'n ordentlike manier op. Die punt om raak te sien is dat ongelowiges ook 'n besef van reg en verkeerd kan hê, dat hulle selfs 'n besef van God kan hê, en dat dit selfs aangenaam kan wees om saam met hulle te lewe. Ek onthou as kind het ons 'n buurvrou gehad wat oorkant die straat gebly het: Sy was dierbaar, ons as kinders was lief vir haar, sy het hard gewerk vir liefdadigheid, en tog was sy en haar man uitgesproke ateïste. Rom 1:20 skryf hieroor en sê dat God se onsigbare eienskappe is sedert die skepping sigbaar in God se werke, en mense soos Abimeleg kan dit sien. Dit is vandag steeds waar: alle mense kan God se werke sien deur net na die wêreld te kyk. Alle mense het 'n mate van 'n begrip van wat reg en verkeerd is. Daar is baie min mense wat byvoorbeeld dink dit is reg om moord

te pleeg. Selfs moordenaars probeer hulle verkeerde dade toesmeer – want hulle weet dit is verkeerd.

Maar kom ons kyk nou na die werk van die Here met Abimeleg: Alhoewel hy nie 'n gelowige is nie, ken die Here vir Abimeleg. Nie net weet die Here wie Hy is nie, die Here weet ook selfs wat in sy lewe gebeur. Dit gaan verder: Die Here het geweet toe Abimeleg vir Sara as vrou geneem het, en toe het die Here Abimeleg daarvan weerhou om om haar aan te raak – die Here bewys dus genade aan Abimeleg. Die Here doen selfs meer as dit: die Here konfronteer Abimeleg met sy verkeerde optrede, selfs al het hy dit onwetend gedoen. Die Here waarsku hom selfs as hy nie vir Sara teruggee nie, sal hy sterf – die Here leer hom dus van Sy oordeel – soos wat Hy Abraham in Gen 18 geleer het, en Lot in Gen 19 geleer het – nou moet selfs Abimeleg daarvan leer. En dink oor die volgende: aan die een kant gebruik die Here hom om Abraham te gaan konfronteer oor sy verkeerde optrede, maar aan die ander kant moet Abraham vir Abimeleg bid. Boonop verhoor die Here Abraham se gebed. Kan jy jou indink hoe dit vir Abimeleg aan die dink moes sit? Abimeleg word deur die Here aangespreek oor sy onwetende fout a.g.v. Abraham se leuen. Abimeleg moet Abraham gaan konfronteer – maar Abraham moet vir Abimeleg bid, al was Abraham se verkeerde optrede die oorsaak van Abimeleg se verkeerde optrede. En tog verhoor die Here Abraham se gebed! Waarmee is die Here besig? Hy konfronteer vir Abimeleg. Abimeleg moet uit al hierdie gebeure die Here leer ken. Hy moet leer dat die Here die Een is wat bepaal wat is reg en verkeerd, hy moet leer die Here gaan hom oordeel as hy nie sy fout regmaak nie, maar hy moet ook leer dat die Here bereid is om Abraham se fout te vergewe, en om steeds Abraham te gebruik om vir hom te bid. Abimeleg moet leer die Here is genadig – beide teenoor homself, maar ook teenoor Abraham. En dan bewerk die Here dit so dat Abraham in Abimeleg se grondgebied kan bly – sodat Abimeleg nog meer met Abraham gekonfronteer kan word. Onthou, Abraham moet tot seën vir die nasies wees – insluitend Abimeleg.

Ons weet nie of Abimeleg tot geloof gekom het nie. Maar wat ons wel sien is hoe genadig en lankmoedig die Here is selfs met Abimeleg. Soos ons in Gen 18 en 19 geleer het: die Here oordeel nie ligtelik nie – Hy gee selfs aan ongelowiges genadetyd, gee kans om te bekeer, stel Sy oordeel uit – soos wat Hy oor jare met Lot gedoen het.

**Die werk van die Here met Sara:** Ek glo baie van ons het simpatie met Sara. Dit is nou die tweede keer dat sy op aandrang van haar man die halwe waarheid moet voorhou dat hy haar broer is, en vir die tweede keer is die gevolg dat sy deur 'n ander man as net nog 'n vrou vir hom geneem word – hoe vernederend is dit nie! Boonop het ons 'n paar weke gelede daarop gelet hoedat Sara sedert Gen 12 die pad saam met Abraham loop, maar die fokus is grotendeels op Abraham. In Gen 17 was daar 'n verskuiwing in fokus toe die Here ook haar naam verander het, en beloof het sy sal binne 'n jaar 'n seun hê, en in Gen 18 het ons gesien hoe die Here haar kleingeloof aanspreek toe sy gelag het oor die belofte van die Here, en die Here juis aan haar gesê het: "Is enigiets te wonderbaarlik vir die Here?" Maar nou lyk dit vir 'n oomblik of sy maar net weer in Abraham se skadu skuif – en Abimeleg se vrou gaan word. Wat van daardie belofte van die Here van 'n seun oor 'n jaar?

Maar dan gryp die Here in – Hy konfronteer Abimeleg, en deur Abimeleg vir Abraham. Abimeleg reageer deur sy fout te erken – selfs teenoor Abraham. Hy gee Sara terug aan Abraham. En hy gee ook aan Abraham 'n geskenk: kleinvee, beeste, slawe, slavinne – selfs 'n keuse van blyplek in sy land. En dan gee Abimeleg nog 'n geskenk – 'n reuse bedrag silwerstukke. Ja, hy gee dit vir Abraham – wat natuurlik Sara se wettige man is. Maar hy gee dit as 'n teken om aan almal Sara se eerbaarheid aan te dui. Onthou dit was Abraham se plan dat hulle moet sê hulle is broer en suster – nie Sara s'n nie (kyk maar na vers13). Heelwaarskynlik was hierdie bedrag silwerstukke baie meer werd as al die kleinvee, beeste, slawe en slavinne.

Die Here erken Sara. Hy erken die swaar tye wat sy moes verduur. En in Sy genade wil Hy wil haar aanspoor en herinner: "Sara, al is jy nie altyd op die voorgrond nie, al is jy van tyd tot tyd verneder, self deur die optrede van jou man en twee konings – jy is kosbaar, jy is baie kosbaar! En almal moet dit weet!" Soos teenoor Abimeleg, is die Here ook genadig teenoor Sara.

**Die werk van die Here met Abraham:**

Toe ons Gen 12 oordink het, het ons gesien dat die hongersnood wat aanleiding gegee het dat Abraham Egipte toe gevlug het, 'n toets was wat die Here oor Abraham gebring het en waaruit hy moes leer om die Here te vertrou vir die vervulling van die beloftes, sonder dat Abraham sy eie planne hoef te maak wat die beloftes van die Here ingevaar kan stel. Sekerlik is dit steeds die geval. En dit is hartseer dat Abraham hierdie selfde les weer moet leer. Dink net aan hoeveel die Here aan Abraham geleer het sedert Gen 12: Hy het geleer hy moet groot dink oor die beloofde land, sy nageslag gaan ook groter wees as net sy fisiese nageslag, al gaan hy nie die fisiese inname van die land beleef nie, sal hy wel die volle vervulling van die beloftes beleef, hy het reeds geregtigheid ontvang, hy gaan in vrede sterf, die Here het met hom 'n verbond gesluit, die Here het hom geleer die Here sal sorg vir die vervulling van die beloftes, hierdie verbond is 'n ewige verbond en die Here het onderneem om Abraham en sy nageslag se God te wees. En tog verval Abraham nou weer in klein geloof, hy vrees vir sy lewe en sê Sara is sy suster.

Wat ons egter ook nie uit die oog moet verloor nie, is dat Abraham by tye ook sterk gestaan het in sy geloof in die Here: immers het hy uit Ur weggetrek na die beloofde land toe, immers het hy daardie konings in Gen 14 aangedurf om Lot te bevry, immers het hy in Gen 18 dit gewaag om met die Here te redeneer oor die regverdigheid van Sy oordeel.

Maar kom ons besin oor hoe die Here met Abraham werk, in Gen 12, maar veral hier in Gen 20: Dit is opvallend dat die Here in beide gevalle die farao en Abimeleg se huise tref met plae of met onvrugbaarheid, maar die Here tref nie Abraham nie. Dit was tog Abraham wat die plan beraam het om die halwe waarheid te vertel oor Sara. Dit was hierdie halwe waarheid wat aanleiding gegee het dat die farao en Abimeleg Sara as vrou geneem het. Ja, hulle was verkeerd om meer as een vrou te wou neem, maar Abraham het die geleentheid geskep met sy halwe waarheid. Dit is waar: die Here konfronteer Abraham deur die farao en Abimeleg, maar die Here straf hom nie soos vir hulle nie. Wat verwag die Here van Abraham? In Gen 12 lees ons net dat Abraham Sara geneem het en teruggetrek het na die beloofde land. In Gen 20 lees ons bietjie meer: Ons lees dat Abraham reageer as Abimeleg hom konfronteer: Hy verduidelik hy het nie gedink daar is enige ontsag vir die Here in Gerar nie, hy verduidelik Sara is darem sy halfsuster, hy verduidelik dat hy hierdie plan al gemaak het toe hulle die eerste keer uit Ur begin trek het. Hierdie redes regverdig sekerlik nie Abraham se optrede nie, maar hy is eerlik as hy verduidelik hoe hy geredeneer het. Maar dit is ook duidelik, selfs vir Abraham, dat hierdie redenasies nie werklik water hou nie – daar was groot tekortkominge, hy het weereens die Here, wat sy Verbondsgod is, vergeet. Die Here wou dit vir Abraham leer. Natuurlik het Abraham Sara teruggeneem as sy vrou.

Maar die Here het nog iets van Abraham verwag: Hy moes vir Abimeleg bid. Abimeleg se huis is deur die Here getref oor hy onwetend gesondig het a.g.v. die halwe waarheid wat Abraham vertel het. Noudat die hele saak op die lappe is, moet Abraham vir Abimeleg bid. Ons sou gedink het: miskien moet Abimeleg vir Abraham bid – Abraham is tog die oorsprong van die probleem. Maar nee, Abraham moet vir Abimeleg bid, en boonop het die Here Abraham se gebed verhoor en Abimeleg is genees en sy vrou en slavinne kon weer kinders kry.

Hoe moet ons dit alles verstaan? Wel, ons moet onthou: die Here het die verbond met Abraham gesluit, die Here het nie die verbond met Abimeleg gesluit nie. Abraham het reeds in die Here geglo, hy het reeds geregtigheid van die Here ontvang – Abimeleg nie. Ja, Abraham het nou in sonde geval, en dit is verkeerd, want die Here verwag van Abraham om in geregtigheid te leef. Daarom konfronteer die Here vir Abraham – Hy doen dit deur Abimeleg. Hy bring Abraham by die punt waar Abraham moet verduidelik hoekom hy so opgetree het – en as Abraham al sy redes aanvoer, dan word dit klinkklaar duidelik sy redenasies maak nie sin nie. Abraham moes dit self kon sien. Dis soos in Gen 12 waar ons gesê het hy moes leer om die Here te vertrou vir die uit voer van Sy beloftes aan Abraham.

Maar, al het Abraham gewankel in sy geloof, al het hy gesondig, bedreig dit nooit die verbond wat die Here met hom gesluit het nie. Die Here sal hom nooit uit Sy verbond sluit nie. Soos wat die Here nie regverdiges in Sodom vernietig het nie, sal die Here ook nie vir Abraham vernietig oor hy gestruikel het nie. Trouens, die Here het gesê die verbond is 'n ewige verbond, en Abraham sal in vrede sterf. Die Here het selfs meer as dit beloof: ja, die Here het verduidelik Hy verwag 'n lewe in geregtigheid van Abraham, maar die Here het ook gewys al die verantwoordelikheid vir die vervulling van die verbond lê by hom – selfs om Abraham by 'n lewe in geregtigheid te bring. En in wese is dit waarmee die Here hier besig is. Dit sal nog in meer detail uitgewerk word in die latere verbonde, maar wat die Here baie duidelik wil maak, is: al struikel Abraham, bedreig dit nie sy deelname aan die verbond met die Here nie. En daarom moet Abraham steeds tot seën vir die nasies wees, insluitend Abimeleg. En daarom moet Abraham vir Abimeleg bid. En daarom verhoor die Here Abraham se gebed. En in die proses is nie net Abraham gekonfronteer met sy sonde nie, hy is ook bemoedig deur sy verdere aktiewe deelname aan die uitwerk van die Here se plan. En boonop word Abimeleg ook deur dit alles gekonfronteer: Hy kon al tot 'n mate onderskei tussen goed en kwaad, maar nou sien hy self hoe die Here werk – met homself en sy huis, maar ook met Abraham. Abraham bly selfs by hom in die land, en so kan Abraham verder vir hom tot seën wees. Die genade en trou van die Here as Verbondsgod is eenvoudig verstommend.

Kan ek jou herinner aan 2 Tim 2:11-13. Hier lees ons as ons saam met Jesus gesterf het, sal ons ook saam met Hom leef, as ons aanhou volhard, sal ons ook saam met Hom regeer. In essensie, is dit waarop die verbond met Abraham neerkom: Gelowiges wat in Jesus glo, sal ook die volle vervulling van God se beloftes beleef. Vers 12 sê egter as ons Hom verloën, sal Hy ons ook verloën – dit is wat ons laasweek gesien het in Sodom: die inwoners het die Here verloën, en daarom het Hy hulle verloën. En dan vers 13: As ons ontrou is, bly Hy getrou. Dit is wat ons in Gen 20 sien: Abraham wankel in die geloof en word ontrou aan die Here – maar die Here bly getrou, die Here werk met Abraham, die Here werk selfs steeds deur Abraham – want Hy kan Homself nie verloën, die Here kan eenvoudig nie teruggaan op Sy verbond nie – Hy het dan alleen tussen daardie diere deur beweeg.

<u>Toepassing</u>

Wat beteken dit alles vir ons? As jy werklik 'n gelowige is, is jy deel van die ware nageslag van Abraham, dan het jy deel aan die verbond met Abraham. As jy wonder of jy werklik 'n gelowige is, gaan kyk na jou lewe: is daar klinkklare bewyse dat jy die beloftes van die Here ernstig opneem, dat jou lewe gerig word deur die beloftes in die Abrahamverbond? Let op, dit is meer as om fisies gedoop te wees. Abraham kon wys hy het uit Ur getrek, hy het hom oor Lot ontferm, hy het vir Sodom gebid – kan jy sulke konkrete voorbeelde in jou lewe identifiseer waar die beloftes van die Here jou gedrag bepaal? As jy deel het aan die verbond met Abraham, beteken dit die Here is jou God, Hy het vir jou geregtigheid gegee en jy sal in vrede sterf. Maar dit beteken ook jy moet in geregtigheid leef. Maar, soos Abraham, tree ons almal ook van tyd nie in geregtigheid op nie. Natuurlik is dit nie goed nie. Wanneer ons bewus word daarvan, moet ons netsoos Abraham daarop

reageer, en identifiseer wat lê agter hierdie optrede. Dit moet reggestel word. Maar onthou, die Here het onderneem om ons by geregtigheid uit te bring – dus kan ons op Hom staat maak om te vorder met 'n lewe in geregtigheid. Wat ons ook moet verstaan, al beleef ek tye waar ek wankel, bedreig dit nooit my deelname aan die verbond, en dus my deelname aan die vervulling van die beloftes van die verbond nie. Die Here gaan nie terug op Sy Woord nie – Hy sal ons by die volle vervulling bring – saam met Abraham. Maar intussen het ons 'n verantwoordelikheid wat verder strek as om net self in geregtigheid te groei – soos Abraham moet ons tot seën wees vir die nasies – ons moet betrokke wees in die lewens van die Abimelegs, selfs al is ons onvolmaak.

En as jy nie 'n gelowige is nie? Erken dit. Maar onthou: die Here het vir Abimeleg geken, Hy het self Abimeleg weerhou van verdere sonde. Die Here ken jou ook. In sy algemene genade weerhou Hy jou ook van al hoe erger sonde. Hou nou jou oë oop vir die werk van die Here in jou lewe. Miskien is daar iewers 'n gelowige, soos Abraham, wat jou lewenspad kruis. Miskien is daardie persoon self nog maar swak in die geloof, maar moet dit nie geringskat nie. Miskien kan jy hom selfs konfronteer oor dinge wat hy doen wat jou raak. Wees gasvry teenoor daardie persoon, nooi hom in jou lewe in – soos Abimeleg vir Abraham blyplek aangebied het. Vra daardie persoon om vir jou te bid. Die Here werk deur Sy gelowige kinders om ongelowiges te konfronteer en te leer, en om 'n seën te wees vir die nasies. Onthou, die Here het beloof om Sy Heilige Gees te gee aan elkeen wat daarvoor vra. Bid saam met die persoon vir 'n werk van die Heilige Gees in jou lewe.